VAK: AFRIKAANS HUISTAAL
GR.: 9
INFORMELE OPDRAG – woordeboekgebruik en klankleer

Lees die volgende uittreksel uit 'n woordeboek en beantwoord dan die vrae:

| | |
|---|---|
| 1. | **ATMOSFEER** (s.nw) **1** Lug, gasomhulsel rondom die aarde; dampkring |
| 2. | **2** (atmosphere) Eenheid van spanning by gasse **3** (fig.) Stemming, gees |
| 3. | van êrens heers; omringende invloed*: Op die plaas is daar 'n atmosfeer* |
| 4. | *van vrede en kalmte*. **4** Omgewing, milieu: *Opgroei in 'n rustige atmosfeer* |
| 5. | [*G almos damp+sphaira kring]* |

1. Gee die betekenis van die volgende afkortings:
1.1 s.nw. (reël 1) ________________
1.2 fig. (reël 2) ________________

2. Hoeveel betekenisonderskeidings het die woord **atmosfeer**?________

3. Waarom is reël 5 skuinsgedruk? ________________________________

4. Watter van die woordeboekbetekenisse is op aardverwarming van toepassing? ______________________

5. **Omkring die letter van die korrekte antwoord: Die inhoud binne die hakies in reël 5 verwys na die …**
   A. oorsprong van die woord
   B. uitspraak van die woord
   C. woordsoorte
   D. 'n ander betekenis

6. Lei af aan watter taal is die woord volgens reël 5 ontleen? __________

7. Verdeel die woord **atmosfeer** in lettergrepe en dui aan of dit oop of geslote is. ______________________________________

8. Dui die klem aan.______________________________________

9. Waar sal die woord a**tmosfee**r aan die einde van die reël afgekap word?______________________________________________

10. Skryf 'n woord met 'n diftong uit reël 4 neer en omkring die diftong.
    ______________________________________________________

11. **Onderstreep die korrekte woord tussen hakies:**
11.1 As 'n mens die woord ***heers*** (reël 3) as **heurs** uitspreek, is dit (ontronding/oorronding)

## AKTIWITEIT 2: KLANKLEER

**OPDRAG: Jy kan die antwoorde op die werksvel invul of in jou boek doen.**

Die volgende vrae is van toepassing op die onderstaande leesstuk:

**‘n Groep van ongeveer sewe dolfyne asook seemeeue verskyn gereeld langs die kaai in Mosselbaai. Die eienaar van ‘n kampeerterrein ken die dolfyne só goed dat hy vir hulle name gegee het. Een van die ouer dolfyne het onlangs by die man se nôi gaan hulp soek toe sy seergekry het. Die dolfyn het aanhoudend huilgeluide gemaak. Ai foeitog ! ‘n Groot hoek het in haar bek vasgesit. Sy het die hele tyd doodstil gelê terwyl die hoek verwyder is. Mnr. Truter het vir die mooi dolfyn ‘n soentjie op haar neus gegee**

**[Bron: geskryf deur C. Gillespie]**

1. **Omkring** al die diftonge.
2. Gee ‘n ander woord vir ‘n diftong. ____________________
3. Voltooi: ‘n OOP lettergreep/sillabe eindig op ‘n ______________ en ‘n GESLOTE lettergreep op ‘n ______________.
4. Verdeel die volgende woorde in **lettergrepe** en dan in **klankgrepe**.Dui ook aan of die lettergrepe **oop of geslote** is

4.1.1. Mosselbaai

_________________________ _________________________

4.1.2. kampeerterrein

_________________________ _________________________

4.1.3. doodstil

_________________________ _________________________

5.1.1. Kies die korrekte woord: Wanneer ‘n mens **sewe** (reël 1) as **seuwe** uitspreek, maak jy jou skuldig aan **ontronding/oorronding.**

5.1.2. Soek nog so ‘n voorbeeld in reël 5 en reël 7.

__________________ ____________________

6.1. Wat noem ‘n mens die klankverskynsel as die woord **huilgeluide** as **heilgeleide** uitgespreek word? ______________________

6.1. Soek nog so ‘n voorbeeld in reël 8. ___________________

7. Benoem die **aksentteken** in reël 3. ___________________

8. **Omkring** die gedeelte van die woord wat **beklemtoon** word.

8.1. aanhoudend

8.2. verwyder

8.3. dolfyne

8.4. eienaar

8.5. ongeveer